

GSA
GRAIN | GRAAN

GEOTERRA
IMAGE

# PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG

**20 Julie 2026**

**Hierdie verslag word elke 2 weke opgedateer**

Gewas toestand
Crop Condition

Klimaat
Climate

Vergelyk
Compare

Opbrengs potensiaal
Production potential

Gewas opkoms
Greenup

Kaarte
Maps

Verslae
Report

# Indeks

1. 2025 FINALE OPPERVLAKTE AANGEPLANT EN PRODUKSIE-SYFERS
2. 2026 VOORNEME OM TE PLANT
3. 2026 KORING VOORNEME OM TE PLANT PER PROVINSIE
4. DEFINISIES
5. OPSOMMING
6. REËNVAL
7. GEWASOPKOMS
8. GRONDVOG INDEKS
9. GEWAS TOESTAND

GRAIN | GRAAN

# FINALE OPPERVLAKTE AANGEPLANT EN PRODUKSIE VAN WINTERGRAAN VIR DIE 2025-PRODUKSIESEISOEN

Crop Estimates Committee
Oesskattingskomitee

| GEWAS | FINALE OPPERVLAKTE HA (A) | FINALE PRODUKSIE AANGEPAS TON (B) | NOK OPPERVLAKTE AANGEPLANT HA (C) | NOK LAASTE SKATTING TON (D) | FINALE OES vs FINALE SKATTING % (B) ÷ (D) |
|---|---|---|---|---|---|
| **Koring** | 517 300 | 1 905 500 | 517 300 | 1 897 220 | 0,44% |
| **Gars** | 96 950 | 345 000 | 96 950 | 346 430 | -0,41% |
| **Kanola** | 174 515 | 306 000 | 174 515 | 309 035 | -0,98% |
| **Hawer** | 35 520 | 43 500 | 35 520 | 45 143 | -3,64% |

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

***Bron: Oesskattingskomitee**

# 2026 VOORNEME OM TE PLANT

**Vrygestel 23 April 2026**

| GEWAS | Voorneme* 2026 | Opp aangeplant 2025 | Finale produksie skatting 2025 | Verandering |
|---|---|---|---|---|
| Ha | Ha | | Tons | % |
| soos op 23 April 2026 | | | | |
| | (A) | (B) | (C) | (A) ÷ (B) |
| Koring | 486 400 | 517 300 | 1 897 220 | -5,97% |
| Gars | 101 900 | 96 950 | 346 430 | 5,11% |
| Kanola | 189 175 | 174 515 | 309 035 | 8,40% |
| Hawermout | 39 000 | 35 520 | 45 143 | 9,80% |
| Soetlupine | 21 000 | 21 000 | 17 850 | 0,00% |
| Totaal wintergraan | 837 475 | 845 285 | 2 615 678 | -0,92% |

**Bron: Oesskattingskomitee*

# 2026 KORING VOORNEME OM TE PLANT

# per provinsie

| Provinsie/ Province | **Voorneme/ Intentions Ha 2026** | Opp beplant/ Area planted Ha 2025 | Finale skatting/ Final estimate Tons 2025 |
|---|---|---|---|
| Wes-Kaap/Western Cape | **335 000** | 363 000 | 980 100 |
| Noord-Kaap/Northern Cape | **41 000** | 40 000 | 300 000 |
| Vrystaat/Free State | **55 000** | 57 000 | 265 050 |
| Oos-Kaap/Eastern Cape | **5 500** | 5 500 | 37 400 |
| KwaZulu-Natal | **8 000** | 8 500 | 51 000 |
| Mpumalanga | **3 000** | 3 500 | 22 400 |
| Limpopo | **28 000** | 28 000 | 165 200 |
| Gauteng | **900** | 800 | 5 120 |
| Noordwes/North West | **10 000** | 11 000 | 70 950 |
| Totaal/Total | **486 400** | 517 300 | 1 897 220 |

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

***Bron: Oesskattingskomitee**

Crop Estimates Committee
Oesskattingskomitee

# Definisies

**Grondwaterindeks (GWI):**

Die GWI is 'n indikasie van die grondwaterpersentasie regdeur die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddeld. Die 5-jaar gemiddeld dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.

**Groenblaarindeks (GLI)**

Die GLI is 'n indikasie van gewasgroei en -ontwikkeling deur die seisoen, met toestande oor die meeste winterreënvalstreke bo die 5 jaar gemiddelde.

**Gewastoestande**

Gewastoestande beskryf die algehele gesondheid en opbrengspotensiaal van gewasse, gebaseer op reënval, grondvog en omgewingsstresfaktore.

*Al die 2026/27 seisoen data is van 20 Maart tot 14 Julie 2026.*

# Opsomming

**Reënvalpatrone en -tendense**

Reënval oor die wintergraanstreke was die afgelope tyd beperk, met die meeste gebiede wat geen noemenswaardige opvolg reën sedert die einde van Junie ontvang het nie. Gevolglik raak toestande toenemend droog en neem grondvogvlakke af, veral in die Overberg en Swartland. Die Swartland het gedurende Junie slegs 34 mm reën ontvang – die droogste Junie in 23 jaar – terwyl die Bredasdorp-gebied in die Overberg sedert einde Junie geen betekenisvolle reën ontvang het nie.

In die Suid-Kaap verskil toestande tussen gebiede, met die Swellendam-omgewing wat droër raak, terwyl die Mosselbaai-gebied steeds oor beter grondvog beskik. **Goeie opvolgreën word oor al drie streke benodig om grondvog aan te vul en die gunstige ontwikkeling van die wintergewasse te ondersteun**.

**Grondvogdinamika**


Grondvogtoestande het oor die meeste wintergraanstreke verswak as gevolg van die beperkte opvolgreën. Die grootste vogtekorte word in die Swartland aangeteken, waar grondvogvlakke kritiek laag is, terwyl toestande in die Overberg ook geleidelik verswak. In die Suid-Kaap wissel grondvog tussen gebiede, met afnemende grondvog in die Swellendam-omgewing en gunstiger vogtoestande in die Mosselbaai-gebied. Verdere opvolgreën word oor al drie streke benodig om grondvogvlakke aan te vul en die voortgesette ontwikkeling van die wintergewasse te ondersteun.

**Gewasopkoms en -toestand**

Gewasse in die wintergraanstreke vertoon oor die algemeen goed, ondanks die toenemende vogtekorte in verskeie gebiede. Kanola is hoofsaaklik in die blomstadium, terwyl koring oor die algemeen goed ontwikkel en in sommige gebiede reeds are begin skiet. Die koue wintertoestande het die ontwikkeling en vestigingsproses van die gewasse ondersteun, en die algemene gewas toestande bly gunstig. Voortgesette droë toestande en afnemende grondvog kan egter die gewasontwikkeling en opbrengspotensiaal nadelig beïnvloed indien betekenisvolle opvolgreën nie binnekort voorkom nie.

GSA
GRAIN | GRAAN

# Totale Reënval/Total Rainfall




**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 14 Julie 2026*

## Suid-Kaap

Geen noemenswaardige opvolgreën is onlangs oor groot dele van die Suid-Kaap ontvang nie, wat daartoe gelei het dat grondvogvlakke geleidelik afneem. Die gebied raak toenemend droog, met grondvog wat veral in die Swellendam-omgewing begin afneem, terwyl die Mosselbaai-gebied steeds oor beter grondvogtoestande beskik. Verdere reën word benodig om voldoende grondvog te handhaaf en die gewasontwikkeling te ondersteun.


## Swartland

Junie was buitengewoon droog in die Swartland, met slegs 34 mm reën wat vir die maand aangeteken is – die laagste Junie-reënval in 23 jaar. Geen noemenswaardige opvolgreën is sedertdien ontvang nie, wat daartoe gelei het dat grondvogvlakke kritiek laag is. Die streek benodig dringend goeie opvolgreën om die vogtekort aan te vul en die huidige gewasontwikkeling te ondersteun.


## Overberg

Geen noemenswaardige reënval is sedert die einde van Junie oor die Overberg ontvang nie, met die laaste betekenisvolle reën wat aan die einde van Junie voorgekom het. Gevolglik raak toestande in die streek toenemend droog en grondvogvlakke neem af. Die streek benodig dringend opvolgreën om voldoende grondvog te herstel en die huidige gewasontwikkeling te ondersteun.

## Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days





## Seisoen reënval afwyking/Season rainfall deviation




GSA GRAIN / GRAAN GEOTERRA IMAGE

**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 14 Julie 2026*

## Grondvog Indeks / Soil Water Index




**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 14 Julie 2026*

### Suid-Kaap

Grondvogtoestande in die Suid-Kaap verswak geleidelik namate die gebied droër raak. Grondvogvlakke neem veral in die Swellendam-omgewing af, terwyl die Mosselbaai-gebied steeds oor beter grondvog beskik. Verdere reën sal noodsaaklik wees om voldoende grondvog vir die voortgesette ontwikkeling van die gewasse te handhaaf. Die gewasse in die streek benodig voldoende grondvog om die blomstadium van kanola optimaal te ondersteun en gunstige toestande vir verdere groei en opbrengsontwikkeling te verseker.


### Swartland

Grondvogtoestande in die Swartland is kritiek laag ná die buitengewone droë Junie-maand. Die vogtekort begin al hoe duideliker sigbaar raak, met tekens van vogstremming wat in sommige lande voorkom. Hoewel die gewasse oor die algemeen steeds goed vertoon, word dringende opvolgreën benodig om grondvog aan te vul en die huidige gewasontwikkeling te ondersteun.

### Overberg

Grondvogtoestande in die Overberg neem geleidelik af, veral in die Bredasdorp-gebied waar geen noemenswaardige reën sedert die einde van Junie ontvang is nie. Die streek raak toenemend droog, en hoewel die gewasse steeds goed vertoon, word dringende opvolgreën benodig om grondvog aan te vul en die huidige gewasontwikkeling te ondersteun. Voldoende grondvog word benodig om die blomstadium van kanola te ondersteun en die gewasse se opbrengspotensiaal te handhaaf.

# Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District




**Suid-Kaap**

Gewasse in die Suid-Kaap ontwikkel oor die algemeen goed. Kanola is in die blomstadium en vertoon goed, terwyl laat aangeplante koring, waar lande vroeër in die seisoen oorgeplant moes word, goed gevestig is en bevredigend ontwikkel. Ten spyte van die droër toestande handhaaf die gewasse steeds 'n goeie voorkoms.

**Swartland**

Gewasse in die Swartland ontwikkel oor die algemeen goed ten spyte van die aanhoudende droë toestande. Kanola vorder goed en is in sommige gebiede in die blomstadium, terwyl koring goed vertoon en in sekere areas reeds begin aar skiet. Die koue weer bevorder die vestigingsproses van die koring, maar dringende opvolgreëns word benodig om verdere ontwikkeling en opbrengspotensiaal te ondersteun.

**Overberg**

Gewasse in die Overberg ontwikkel oor die algemeen goed, met kanola wat tans in die blomstadium is en koring wat begin aar skiet. Ten spyte van die toenemende droë toestande vertoon die gewasse steeds goed, maar tydige opvolgreëns sal noodsaaklik wees om optimale groei en opbrengspotensiaal te ondersteun.

# Gewas Toestand / Crop Condition




| Baie Laag<br>Significantly Below | Middelmatig Laag<br>Moderately Below | Effens Laag<br>Slightly Below | Normaal<br>Normal | Effens Hoog<br>Slightly Above | Middelmatig Hoog<br>Moderate Above | Baie Hoog<br>Significantly Above |
|---|---|---|---|---|---|---|

GSA GRAIN / GRAAN
GEOTERRA IMAGE

**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 14 Julie 2026*

# SLAKKE OF NAAKSLAKKE IN U LANDE?



Dr Vicki Tolmay monitor hierdie seisoen slak- en naakslakpopulasies.

Indien u enige aktiwiteit in u lande opmerk, kontak asseblief:

**DR VICKI TOLMAY**

0734690000

GSA GRAIN | GRAAN

# DANKIE!

---

**Vir enige navrae:**

**Grain SA**

**Cathrine@grainsa.co.za/Gerrit@grainsa.co.za**

**Vrywaring**: Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.

GRAIN | GRAAN